

KALSIFISERENDE TENDINITIS

Oorsig:

Die rotatorkraag is 'n groep van 4 spiere met senings naamlik die supraspinatus, infraspinatus, subskapularus en teres minor. Hierdie spiere en senings heg die bo-armbeen (humerus) aan die bladbeen (scapula). Hulle werk behels dat hulle die balvormige humeruskop in die potjievormige glenoïed fossa stabiliseer en hou die gewrig aanmekaar deur 'n wye reeds van bewegings wat andersins die humeruskop sou ontwrig het. Kalsifiserende tendinitis behels 'n versameling van kalsiumneerslag in een of meer van hierdie senings. Tydens die proses van neerlegging van kalsium en veral tydens die heropname van hierdie kalsiumversameling, ontstaan 'n ontstekingsproses wat pyn veroorsaak en daarmee saam beperking van die beweeglikheid van die skouergewrig.

Oorsake:

Die oorsaak van kalsifiserende tendinitis is nog nie duidelik bekend nie maar dit blyk om deels van plaaslike drukking op die tendon en 'n suurstof tekort in hierdie area van die weefsel te ontstaan. Daar is ook aanduidings dat sekere individue 'n hoër geneigtheid het tot hierdie toestand op 'n genetiese basis.

Daar is verskillende fases waarin hierdie toestand ontstaan, maar dit is gewoonlik die later fases waar die kalsium reeds neergelê is in die tendonweefsel of waar dit besig is om deur die liggaam opgeneem te word wanneer pyn begin ontstaan.

Simptome:

Erge pyn, veral met spesifieke skouerbewegings is teenwoordig. Ander bewegings is weer pynloos. Nagpyn kom voor en dit is pynlik om op die aangetaste skouer te lê.

Klassifikasie:

Kalsifiserende tendinitis word geklassifiseer volgens die grootte van die tendon en ook die voorkoms daarvan sowel as waar in die tendon dit geleë is.

Daar is ook ander tipe kalsifikasies wat in die senings voorkom wat gevorm het as gevolg van verwerking van hierdie senings. Verloop van hierdie laasgenoemde toestand is anders as die van klassieke kalsifiserende tendinitis.

Behandeling:

Kalsifiserende tendinitis se behandeling behels rus van die skouer, anti-inflammatoriese medikasie en fisioterapie. Die arm kan tydens nagrus op 'n kussing geplaas word in 'n gemaklike posisie. In akute gevalle wat nie reageer op bogenoemde nie, kan kortisoen infiltrasie toegedien word.

Kalsifiserende tendinitis neig oor die algemeen om spontaan op te klaar maar in gevalle waar pynverligting nie voldoende is met bogenoemde tegnieke nie, sal 'n naaldprik dekalsifikasie of artroskopiese dekalsifikasie aangewend word om die liggaam te help met die opruim van die kalsiumversameling. Dit word ook soms gekombineer, waar aangedui, met akromioplastie wat ten doel het om wrywing oor die aangetaste tendon te verminder.